# HOËRSKOOL PORTERVILLE
# GEDRAGSKODE VIR LEERDERS 2022

**GESTIG 1870**

## INHOUDSOPGAWE


**1. INLEIDING**

**2. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE**

**3. GEDRAGSKODE DEUR LEERDERS ONDERSKRYF**

3.1 Menseregte
3.2 Respek vir Onderwysers
3.3 Respek vir Nie-Onderwyspersoneel en Besoekers
3.4 Erkenning van Multikulturaliteit en Andersheid
3.5 Respek vir die Omgewing en Skoolfasiliteite
3.6 Gehoorsaamheid aan Organisatoriese- en Gedragsreëls
3.7 Buitemuurse Aktiwiteite
3.8 Voorkoms
3.9 Veiligheid
3.10 Akademiese Aangeleenthede
3.11 Rolpersepsie

**4. REËLS**

4.1 Doel van Reëls
4.2 Reëls wat Aanvaarbare Gedrag Uitspel
4.3 Keredrag en Voorkoms

**5. TUGMAATREËLS**

5.1 Beginsels
5.2 Mondelingse Waarskuwing
5.3 Prosedure van Skriftelike Waarskuwing
5.4 Finale Skriftelike Waarskuwing
5.5 Skorsing/Uitsetting
5.6 Kategorie Een-Oortredings (Roetine en Klasoortredings)
5.7 Kategorie Twee-Oortredings
5.8 Kategorie Drie-Oortredings
5.9 Kategorie Vier-Oortredings

## 6. TOEPASSING VAN TUG

## 7. SKORSING EN UITSETTING

### GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

### 8. INLEIDING

Die volgende wette dien as basis waarop die gedragskode gebaseer is:

- Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (meer in die besonder, artikel 8)
- Wes-Kaapse Provinsiale Wetsontwerp op Skoolonderwys van 1997
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996
- Alle regulasies van wette soos afgekondig deur die WKOD

Volgens artikel 8(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet word alle leerders verplig om te voldoen aan die vereistes van die gedragskode van die skool wat hulle bywoon.

### 9. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

Die gedragskode word saamgestel met die oog op onderrig, leer, wedersydse respek, versoening en die vestiging van ‘n kultuur van verdraagsaamheid en vrede in die skool.

Volgens Artikel 8(2) van die SA Skolewet 8(2), 84 van 1996 is die doel van die gedragskode:

“*om ’n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses, te vestig*”.

Hoërskool Porterville se missie verwys ook na “lewensblye, gedissiplineerde, en betrokke leerders met visie”. Dit word as een van die sewe pilare van die skool beskou.

Samevattend is die doel van die gedragskode die volgende:

- om positiewe dissipline te bevorder
- om self-dissipline aan te leer
- om voorbeeldige gedrag te vestig.

### 10. GEDRAGSKODE DEUR LEERDERS ONDERSKRYF

Ons (die leerders) besef dat onderlinge samewerking tussen alle persone wat by opvoeding en onderwys betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle partye dieselfde waardes en beginsels nastreef. Die kernwaardes wat deur die leerders van Hoërskool Porterville nagestreef word, kan soos volg uiteengesit word:

#### 10.1 MENSEREGTE

Terwyl leerders daarvan bewus is dat hulle oor sekere regte beskik in terme van die Grondwet, erken hulle dat ander mense soortgelyke regte het en respekteer hulle hierdie regte. Leerders erken veral die menswaardigheid en gelykheid van alle mense en onderneem om hul regte so uit te oefen dat ander mense nie deur hul optrede benadeel word nie.

## 10.2 RESPEK VIR ONDERWYSERS

Leerders respekteer onderwysers as hul opvoeders en beloof hul heelhartige samewerking in alle redelike opdragte wat hulle van opvoeders mag ontvang.

Leerders respekteer die opvoeders as volwassenes en erken dat hulle opleiding en ervaring die leerders tot voordeel kan strek. Daarom onderneem die leerders om hul volle samewerking aan opvoeders te gee en altyd hoflik teenoor hulle op te tree.

## 10.3 RESPEK VIR NIE-ONDERWYSPERSONEEL EN BESOEKERS

Die bydraes tot die gladde verloop van die skoolorganisasie deur administratiewe personeel en terreinwerkers word hoog aangeslaan. Daarom sal leerders ook teenoor hierdie personeel met agting en respek optree. Besoekers aan die skool dra die skool se welsyn op die hart en sal met respek, vriendelikheid en hoflikheid bygestaan word waar nodig.

## 10.4 ERKENNING VAN MULTIKULTURALITEIT EN ANDERSHEID

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap bestaan uit ’n verskeidenheid van rasse, kulture en gelowe. Leerders aanvaar alle mede-leerders as individue wat soortgelyke ideale en doelwitte as hulself mag nastreef, maar dat hulle ook hul eie ideale mag hê. Leerders respekteer mense se andersheid en sal nie so optree dat hulle ander se menswaardigheid aantas nie.

## 10.5 RESPEK VIR DIE OMGEWING EN SKOOLFASILITEITE

Die natuurlike omgewing is ’n geskenk van God en leerders aanvaar die opdrag en gesamentlike verantwoordelikheid vir die bewaring daarvan. Leerders waardeer die skoolgeboue, klaskamerinhoude en ander fisiese geriewe wat vir hul gebruik beskikbaar gestel is. Leerders onderneem om op ’n verantwoordelike wyse daarvan gebruik te maak en, vir sover dit binne hul vermoë is, ’n bydrae tot die instandhouding daarvan te lewer, insluitend om hul ouers aan te moedig om skoolgeld te betaal en aktiwiteite te ondersteun ter uitbreiding van die fisiese fasiliteite.

## 10.6 GEHOORSAAMHEID AAN ORGANISATORIESE- EN GEDRAGSREëLS

Leerders begryp dat ’n skool nie sonder organisatoriese en gedragsreëls kan funksioneer nie. Daarom lê leerders hul neer by die skool se reëls vir leerdergedrag. Leerders onderneem om die tydrooster van die skool te eerbiedig deur stiptelik teenwoordig te wees by die aanvang van die skooldag en elke lesuur waarby hul betrokke is. Hulle aanvaar die gesag van die persone in bevel van orde en dissipline in die skool en sal hul aan toepaslike strawwe onderwerp indien hulle oortree.

## 10.7 BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Leerders besef die vormingswaarde van sport, kulturele aktiwiteite, akademiese en sosiale uitstappies en wil graag as ’n aktiewe deelnemer of lojale ondersteuner betrokke wees. Toepaslike kleredrag en ’n netjiese voorkoms by die geleenthede dra by tot die uitbouing van ’n positiewe beeld van die skool. Leerders onderskryf die feit dat skoolreëls ook by uitstappies of ander buite-kurrikulêre aangeleenthede moet geld ter wille van die goeie orde en die skool se goeie naam.

### 10.8 VOORKOMS

Uniforme skooldrag dra by tot eenheid van sin en strewe. Die skoolwapen versinnebeeld die gesamentlike strewe van leerders, ouers en personeel. Omdat die skooluniform en gepaardgaande voorkomsreëls tradisionele waardes van die skool en die gemeenskap verteenwoordig, sal leerders die skooldrag met trots dra en die voorskrifte van persoonlike voorkoms wat die skooldrag komplimenteer, nakom.

### 10.9 VEILIGHEID

Ter wille van leerders se eie veiligheid sal hulle gebruiksvoorskrifte vir laboratoria en werkswinkels nakom en klaskamerreëls wat op leerderveiligheid gemik is, eerbiedig. Tydens klaswisseling, op die skoolterrein, met uitstappies en op die sportveld sal leerders poog om deur hul optrede nie hul eie of ander persone se veiligheid in gevaar te stel nie.

### 10.10 AKADEMIESE AANGELEENTHEDE

Leerders kan alleen baat vind by onderwys indien hulle intensief by die leergebeure in die klaskamer betrokke raak. Daarom sal leerders wanneer dit van hul verwag word positief aan klasaktiwiteite deelneem. Leerders keur gedrag af wat ontwrigtend op die onderrigproses inwerk. Leerders besef die waarde van tuiswerk en sal dit getrou doen. Leerders sal pligsgetrou vir evalueringsgeleenthede voorberei. Eerlikheid is deel van ’n onkreukbare karakter en daarom sal leerders te alle tye honderd persent eerlik wees tydens evaluering en nie verdra dat ander persone oneerlik optree nie.

### 10.11 ROLPERSEPSIE

Leerders is ook daarvoor verantwoordelik om ’n bydrae te lewer tot die ordelike verloop van gebeure by en na skool. Leerders het op verskeie vlakke die geleentheid om ’n bydrae te lewer wat skoolbestuur kan verbeter, soos in die beheerliggaam, as leerderraadverteenwoordiger, klasleier, spankaptein, voorsitter van ’n akademiese of sosiale vereniging en so meer. In watter hoedanigheid ’n leerder ook al dien, moet hy steeds die belange van die skool vooropstel en nie persoonlike begunstiging of bevoordeling soek nie. Leerders onderskryf hierdie beginsel en sal te alle tye deur hul optrede, ook buite formele skoolverband, daarna streef om die skool se etos te bewaar en te versterk.

### 10.12 OORDRA VAN INLIGTING AAN OUERS

Die skool sal ouers/voogde kontak wanneer ‘n leerder se gedrag ‘n bron van kommer word, en sal op ‘n konstruktiewe vennootskap met die ouer die probleem oplos.

## 11. <u>REËLS</u>

### 11.1 DOEL VAN REËLS

Reëls word opgestel om die waardes, vervat in die gedragskode, te laat realiseer. Reëls het dus ten doel om:

- ’n positiewe leeromgewing te skep en in stand te hou.
- aanvaarbare gedrag sowel as onaanvaarbare gedrag uit te spel
- opvoedkundige doelwitte te bevorder.

Skoolreëls wat aanvaarbare gedrag uitspel, het ten doel om die skool en die leerders te beveilig en orde te handhaaf, terwyl die spesifieke uitspel van onaanvaarbare gedrag nodig is om tug toe te pas en misverstande uit die weg te ruim.

### 11.2 REËLS WAT AANVAARBARE GEDRAG UITSPEL

11.2.1 Die persoonlike voorkoms en kleredrag van leerders moet voldoen aan die norme en voorskrifte soos uiteengesit onder 4.3.

11.2.2 Leerders moet die skool tydens vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. Leerders wat laat kom, moet eers by die kantoor aanmeld. ‘n Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof en/of die skoolhoof se gemagtigde se verlof uit ‘n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie. In geval van afwesigheid moet ouers die skool telefonies, per brief of per mediese sertifikaat in kennis stel.

11.2.3 Terwyl ‘n leerder onder die skool se toesig is , mag hy/sy nie’n opvoeder, werker of leerder se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie, en mag hy/sy nie wapens, speelgoed of enigiets wat liggaamlike beserings kan veroorsaak , in besit hê nie.

11.2.4 Geen leerder mag ‘n ander leerder die reg van onderrig ontneem nie.

11.2.5 Ontwrigting van klasse op enige wyse is ontoelaatbaar.

11.2.6 Onwelvoeglike taalgebruik, oneerlikheid, leuentaal en valse verklarings is ontoelaatbaar.

11.2.7 Rook deur leerders word nie toegelaat nie.

11.2.8 Leerders mag nie dwelmmiddels of alkoholiese drank gebruik, aan ander gee of onder die invloed daarvan wees nie. Leerders mag nie aanstootlike leesstof of materiaal in sy besit hê, gebruik of aan ander gee nie. Leerders mag ook nie op die Internet ingaan om aanstootlike materiaal te besigtig, af te laai of uit te druk nie.

11.2.9 Skooleiendom, of enigiets by die skool wat die eiendom van iemand anders is, mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie.

11.2.10 Niemand mag by die fietsrakke met fietse peuter nie.

11.2.11 Elke leerder is mede-verantwoordelik om kleedkamers, stoepe en die terrein netjies en skoon te hou.

11.2.12 Geen intimidasie, van watter aard ook al, van ander leerders mag plaasvind nie.

11.2.13 Geen vergaderings/samekomste mag sonder die skoolhoof se toestemming op die skoolterrein gereël word nie.

11.2.14 Verspreiding en ontvang van pamflette op die skoolterrein, sonder die skoolhoof se verlof, is verbode.

11.2.15 ‘n Leerder, wat met die skool geassosieer kan word, wat op enige plek of tydstip die skool se naam in diskrediet bring, kan tot verantwoording geroep word.

11.2.16 Geen leerder mag minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole of die skool se kodes openbaar nie.

11.2.17 Van elke leerder word daar verwag om hom/haar te onderwerp aan die gesag oor hom/haar aangestel.

11.2.18 Die interne ordereëlings van die skool, soos van tyd tot tyd deur die skoolhoof of sy gevolmagtigde bepaal, moet ten alle tye gehoorsaam word.

11.2.19 Leerders mag nie hul selfone by hulle hê tydens skoolure nie. Selfone moet afgeskakel wees en in die oggend voor skool by ontvangs ingehandig en ingeteken word. Leerders teken weer hul selfone uit na skool.

## 11.3 KLEREDRAG EN VOORKOMS

11.3.1 SKOOLDRAG VIR DOGTERS:

**Laerskooldogters (Gr. 1 – 7)**

| **Kleredrag vir beide Somers- en Winterkwartale** |
|---|
| ✓ Navy gholfhemp met geel "piping" en navy skort<br>✓ Kort wit sokkies en wit tekkies<br>✓ Navy skoolsweetpak en/of navy voorgeskrewe warmbaadjie en trui<br>✓ Voorgeskrewe reënbaadjie |

**Hoërskooldogter (Gr. 8 – 12)**

| **SOMERKWARTALE** | **WINTERKWARTALE** |
|---|---|
| ✓ Voorgeskrewe somerskoolrok<br>✓ Kort wit sokkies<br>✓ Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet.<br>✓ Veters moet korrek gestrik wees/bandjie moet vas wees<br>✓ Voorgeskrewe skoolbaadjie<br>**<u>OPSIONEEL</u>**:<br>✓ Donkerblou skooltrui met skoolkleure OF<br>**(NB: Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie.)**<br>✓ Moulose oortrektrui op koeler dae<br>**(NB: Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie.)** | ✓ Voorgeskrewe somerskoolrok met swart sykouse<br>✓ Voorgeskrewe kleurbaadjie (**daagliks**)<br>✓ Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet<br>**OF**<br>✓ Donkerblou langbroek, langmou wit hemp en skooldas<br>✓ Voorgeskrewe kleurbaadjie (**daagliks**)<br>✓ Swart skoolskoene met veters of bandjie oor die voet<br>**<u>OPSIONEEL</u>**:<br>✓ Donkerbloutrui met skoolkleure<br>**(NB: Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie.)**<br>✓ Donkerblou moulose oortrektrui<br>**(NB: Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie.)**<br>✓ Gr.12 Maroen oortrektrui<br>✓ Donkerblou skoolserp |

11.3.2 VOORKOMS VAN DOGTERS:

**Algemene haarreëls:**

- Hare moet te alle tye netjies uitgekam, geborsel en/of vasgemaak wees.
- Die kuif mag nie 'n die oë hang nie. Dit mag nie aan die wenkbroue raak nie. As die kuif langer is moet dit vasgemaak word in 'n rekkie of met knippies.
- Hare mag nie aan die skoolrok of skoolhemp se kraag raak nie. As dit langer is moet dit netjies vasgemaak word in poniesterte, vlegsels en of bolla's met die voorgeskrewe rekkies en knippies.
- Haarrekkies: Dit mag wit, swart, bruin of donkerblou(navy) wees.
- Kopbande: Dit mag wit, swart, bruin of donkerblou(navy) wees.
- Haarlinte: Die skool kleure: Geel, maroen en donkerblou.
- Haarknippies: Dit mag donkerblou, silwer of bruin wees.
- "Bob" haarstyl mag gedra word, solank hare nie aan kraag van skoolrok of skoolhemp raak nie. Dra van 'n kopband is verpligtend saam met 'n "bob" haarstyl.
- Afrikavlegsels is toelaatbaar mits dit netjies vasgemaak is in EEN poniestert. Die rekkies moet ook die voorgeskrewe kleure wees.
- Maksimum van TWEE poniesterte mag gedra word.

**Kleur van hare:**

- Hare mag nie meer as EEN skakering donker of ligter gekleur word nie. As die hare uitgroei, mag dit nie sigbaar wees nie.
- Hare mag nie snaakse of verskillende kleure gekleur word nie.
- Indien haarkleur meer as EEN kleur donker of ligter gekleur is of uitgroei sodat haarwortels wys, moet dit dadelik teruggekleur word na die oorspronklike kleur.
- GEEN gekleurde haarstukke mag in die hare wees nie.

**Juwele:**

- Horlosies, "Medic Alert"-bandjie, oorringetjies of oor"studs" mag gedra word.
- Oorringetjies: Maksimum van 1cm in deursnee
- Oor"studs": Klein knoppie van minder as 5mm in deursnee. Slegs goud of silwer. Geen gekleurde stene, diamante of pêrels word toegelaat nie.
- Oorringetjies of –"studs" moet in die onderste gaatjie gedra word. Daar mag slegs EEN in elke oor gedra word asook. Dit mag ook NET in die oor gedra word.
- Daar mag GEEN ander ringetjies of "studs" op jou liggaam sigbaar wees nie. Dit mag ook nie tydens enige ander skool aktiwiteite sigbaar wees nie.
- GEEN ringe en of armbande mag gedra word nie.
- Bulle "studs" is aanvaarbaar.

**Grimering:**

- GEEN onderlaag, oogskadu, oogpotlood, maskara, lipomlyner of lipstiffie mag gedra word nie.
- Leerder mag “lip gloss” of ander lipbevogtiger dra, mits dit deurskynend is.
- Leerders se wenkbroue mag nie ingekleur wees nie. Ook nie enige tydelike of permanente tatoeëring van die wenkbroue of oë nie.

**Naels:**

- Naels mag nie verby die vingerpunte steek, as jy palm na bo, na die hand kyk nie.
- Naels moet te alle tye netjies en skoon wees.
- Geen naellak of gel mag op die naels wees nie.
- Geen versierings mag op die naels aangebring word nie.

**Roklengte:**

- Die rok se soom mag nie meer wees as ‘n hand breedte bokant die knie nie.
- As dogter kniel, moet soom nie hoër wees as 10cm van die grond af nie.
- Dogters mag SLEGS donkerblou broekies of spanbroekie (“hot pants)” onder hul rokke en of ander rompe dra.

**Lapelwapens:**

- Slegs wapens wat deur die skool toegeken word, mag gedra word.

**Sokkies:**

- SLEGS wit skoolsokkies mag gedra word.
- GEEN strepe, handelsname of ander kleur merke mag op die sokkies wees nie.
- Die sokkies MOET een maal omgeslaan wees. Die sokkie lengte is dan ongeveer 4cm bo-kant die enkelknop.
- GEEN sportsokkies, enkelsokkies of geheime sokkies (“secret socks”).

**Truie:**

- Truie mag nie om die skouers of heupe gedra word nie.
- Truie is korrek ( deur beide arms) aangetrek of gebêre in jou skooltas.
- Truie mag nie verder as die polsgewrig hang nie. Dus nie oor die hande getrek nie.

11.3.3 SKOOLDRAG VIR SEUNS:

**Laerskoolseun (Gr. 1 – 7)**

| **Kleredrag vir beide Somers- en Winterkwartale** |
|---|
| ✓ Navy gholfhemp met geel "piping" en navy skort<br>✓ Kort wit sokkies en wit tekkies<br>✓ Navy skoolsweetpak en/of navy voorgeskrewe warmbaadjie en trui<br>✓ Voorgeskrewe reënbaadjie |

**Hoërskoolseun (Gr. 8 – 12)**

| **SOMERKWARTALE** | **WINTERKWARTALE** |
|---|---|
| ✓ Grys kort- of langbroek<br>✓ Wit skoolhemp<br>✓ Grys sokkies met skoolkleure<br>✓ Swart skoolskoene met veters<br>✓ Veters moet korrek gestrik wees<br>✓ Voorgeskrewe skoolbaadjie<br>**<u>OPSIONEEL</u>**:<br>✓ Donkerblou skooltrui met skoolkleure<br>**(NB: Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie.)**<br>✓ Moulose oortrektrui op koeler dae<br>**(NB: Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie.)** | ✓ Grys kort- of langbroek<br>✓ Wit skoolhemp<br>✓ Voorgeskrewe skooldas (**daagliks**)<br>✓ Voorgeskrewe skoolbaadjie (**daagliks**)<br>✓ Swart skoolskoene met veters<br>**<u>OPSIONEEL:</u>**<br>✓ Donkerbloutrui met skoolkleure<br>**(NB: Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie.)**<br>✓ Donkerblou moulose oortrektrui<br>**(NB: Die trui mag nie sonder die baadjie gedra word nie.)**<br>✓ Gr. 12 Maroen oortrektrui<br>✓ Donkerblou skoolserp |

11.3.4 VOORKOMS VAN SEUNS:

**Hare:**

- 'n Netjiese haarstyl wat by skooldrag pas, word vereis.
- Hare aan die kant van die kop mag nie langer as 2cm oorskei nie.
- Hare mag ook nie oor die ore hang nie. Indien hare aan die kant van die kop geskeer word, moet dit geleidelik geskeer word op só 'n manier dat die haarlengte ooreenstem met die lengte bo op die kop.
- Die haarlengte aan die kant van die kop mag nie met meer as 2cm verskil van die hare bo op die kop nie.
- Agter moet die hare kort wees en nie in "trappe" gesny word nie.

- Die lengte van kuiwe mag nie die wenkbroue oorskei wanneer dit uitgekam is nie.
- Hare moet bo-op die kop nie langer as 6cm wees nie.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Geen onnatuurlike patrone mag in die hare gesny word nie. Dieselfde reël is van toepassing op wenkbroue.

**Skeer:**

- Seuns moet ten alle tye netjies geskeer wees, ander sal hulle by die skool aangesê word om dadelik te skeer.
- Wangbaarde ("sidies") moet gelyk met die oorgat geskeur word.

Indien 'n leerder nie voldoen aan die voorgeskrewe reëls nie, sal 'n tydperk van twee dae gegee word vir hare om gesny te word. Geen uitsonderings word gemaak vir ongeskeerde baarde nie. Indien 'n leerder weier, sal die die nodige stappe geneem word volgens die skool se Gedragskode.

**Naels:**

Naels van seuns moet skoon en 'n aanvaarbare lengte wees.

**Versierings:**

Horlosies, "Medic Alert". Geen ander versierings word toegelaat nie.
GEEN ringe en of armbande mag gedra word nie.

**Lapelwapens:**

Slegs wapens wat deur die skool toegeken is, mag gedra word.

11.3.5 SPORTDRAG

**Sportdrag: Seuns en Dogters**

| | Gr. 1 - 3 | Gr. 4 - 12 |
|---|---|---|
| **ATLETIEK** | **Dogters:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" en navy skort<br>Kort wit sokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak<br><br>**Seuns:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" en navy kortbroek met geel "piping"<br>Kort wit sokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak | **Plaaslike atletiekbyeenkomste**:<br><br>**Dogters:**<br>Maroen netbalhemp met "skort"/donkerblou kortbroek of hardloopbroek<br>Navy skoolsweetpak<br><br>**Seuns**:<br>Navy en maroen gholfhemp met skoolwapen en navy kortbroek met geel "piping"/donkerblou kortbroek of hardloopbroek<br>Navy skoolsweetpak<br><br>Spesiale atletiekfrokkie vir leerders wat gekies word om skool te verteenwoordig. |
| **TENNIS** | **Dogters:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" en navy skort<br>Kort wit sokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak<br><br>**Seuns:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping" en navy kortbroek met geel "piping"<br>Kort wit sokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak | **Dogters:**<br>Netbalhempie<br>Skort<br>Navy skoolsweetpak<br><br>**Seuns:**<br>Navy en maroen gholfhemp met skoolwapen.<br>Navy kortbroek met geel "piping"/ donkerblou kortbroek<br>Navy skoolsweetpak<br>Eerste spanne dra geborgde wit hemde vir wedstryddae |
| **KRIEKET** | Navy gholfhemp met geel "piping" en navy kortbroek met geel "piping"<br>Kort wit sokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak | TOT EN MET O/13:<br>Navy &maroen gholfhemp met skoolwapen<br>Navy kortbroek met geel "piping"<br>Kort wit sokkies met tekkies/krieketskoene<br>Skoolsweetpak<br><br>(O/14 – O/19)<br>Navy &maroen gholfhemp met skoolwapen<br>Navy kortbroek met geel "piping"/ donkerblou kortbroek<br>Grys skoolsokkies met tekkies/ Krieketskoene<br>Voorgeskreweskoolkleurbaadjie<br><br>Naweekliga:<br>Voorgeskrewe wit langmouhemp<br>Wit Langbroek<br>Voorgeskrewe skoolkleurbaadjie |

| | Gr. 1 - 3 | Gr. 4 - 12 |
|---|---|---|
| **SWEM** | Swart/donkerblou eenstuk swembroek – seuns en dogters<br>Swempet (verpligtend vir dogters)<br><br>**BUITE SWEMBAD**<br>**Dogters:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping"<br>Navy skoolsweetpak<br>**Seuns:**<br>Navy gholfhemp met geel "piping"<br>Navy skoolsweetpak | Swart/Donkerblou eenstuk swembroek – seuns en dogters<br>Swempet (verpligtend vir dogters)<br><br>**BUITE SWEMBAD**<br>**Dogters:**<br>Netbalhempie<br>Navy skoolsweetpak<br>**Seuns:**<br>Navy en maroen gholfhemp met skoolwapen<br>Navy skoolsweetpak |
| **RUGBY** | Voorgeskrewe gestreepte trui<br>Donkerblou rugbykortbroek | Voorgeskrewe gestreepte trui<br>Donkerblou rugbykortbroek<br>Voorgeskrewe rugbykouse<br>O/19A – Geborgde trui met wit kortbroek en dra spandrag voor en na wedstryde |
| **NETBAL** | Navy gholfhemp met geel "piping" en navy skort<br>Kort wit sokkies en wit tekkies<br>Navy skoolsweetpak | Netbalhempie<br>Skort<br>Kort wit sokkies<br>Skoolsweetpak – verpligtend voor en na wedstryde<br>Eerste span & O/13A dra voorgeskrewe speeldrag en spandrag voor en na wedstryde |
| **GHOLF** | | Navy en maroen gholfhemp met skoolwapen<br>Skoolbaadjie<br>Ligte kleur lang chino (kakiekleur) |

**11.4 SKOOL EN KLASBYWONING**

Ouers/Voogde, leerlinge, onderwysers en Skoolbeheerliggaamslede is gesamentlike daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat alle leerlinge die skool bywoon.

11.4.1 Indien 'n leerling die skool op 'n gereelde basis nie bywoon nie, moet die betrokke register onderwyser die afwesigheid van die leerling aan die ouers en Hoof skriftelik inlig. Die onderwyser moet 'n akkurate register van leerling bywoning byhou en moet 'n bewys van alle kommunikasie met die ouers liasseer.

11.4.2 Alle leerlinge moet by die skool wees voor die offisiële openingstyd. Leerlinge wat laat is, sal afwesig gemerk word in die registers, aangesien die registers in die oggend voltooi word.

11.4.3 Afwesigheid van 'n klas, sonder die toestemming van die relevante vakonderwyser, word verbied.

11.4.4 Enige afwesigheid vanaf die skool, moet gestaaf word deur 'n nota vanaf die ouer/voog.

11.4.5 Indien 'n leerder afwesig sal wees vanaf die skool vir 'n tydperk van drie (3) dae of meer, moet die afwesigheid gestaaf word deur 'n mediese dokter.

11.4.6 Enige afwesigheid van 'n formele eksamen, toets of taak, moet gestaaf word deur 'n mediese dokter.

11.4.7 Geen leerling mag die skool verlaat gedurende skoolure sonder 'n brief van die ouer wat dit versoek, met redes, en met die toestemming van die hoof/adjunkhoof wat 'n uitteken nota sal teken nie. Die ouer/voog moet leerders self kom afhaal.

11.4.8 Alle leerlinge moet die saalopening vir die volle duur daarvan bywoon.

**11.5 <u>WAARDEVOLLE EN PERSOONLIKE ARTIKELS</u>**

Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir die steel van of beskadiging van persoonlike besittings op skool eiendom nie (bv. selfone, boeke, klere, ens.)

11.5.1 Leerlinge moet nie selfone, groot bedrae geld en ander waardevolle artikels na die skool bring nie. Selfone mag nie aangeskakel wees gedurende klastye nie. Indien 'n leerling 'n selfoon skool toe bring, moet die leerling 'n skriftelike versoek by hom hê vanaf sy ouer/voog, waarin die skool gevrywaar word van diefstal of beskadiging van die selfoon.

11.5.2 Indien 'n ouer versoek dat 'n leerling skoolfonds namens hom/haar betaal, moet sulke gelde aan die begin van die skooldag betaal word.

11.5.3 Leerlinge mag nie rekenaarspeletjies, iPods of soortgelyke apparaat skool toe bring nie.

**11.6 <u>SWANGERSKAPPE</u>**

11.6.1 Die skool erken die verantwoordelikheid en invloed van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel ten opsigte van leerderswangerskappe.

11.6.2 Die skool aanvaar sy verantwoordelikheid om al sy leerders van hulle reg op onderrig in kennis te stel.

11.6.3 Die skool is 'n sterk voorstander van seksuele onthouding onder leerders van die skool.

11.6.4 Tog sal die skool ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet en die Skolewet nie onbillik teen swanger leerders diskrimineer nie.

11.6.5 Enige leerderswangerskap sal vertroulik hanteer word.

11.6.6 Elke geval behoort deurlopend beoordeel te word ten einde die leerder se opvoedingsbelange en reg op onderrig te beskerm, behoudens die bepalings van hierdie swangerskapbeleid.

11.6.7 Die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde senior vrouepersoneellid moet, in die teenwoordigheid van 'n (ander) senior vrouepersoneellid, met die leerder en/of haar ouers/voogde oorleg pleeg in geval van 'n redelike vermoede dat sodanige leerder swanger is sonder dat die skool formeel daarvan ingelig is.

11.6.8 'n Swanger leerder of 'n leerder wat rede het om te glo dat sy swanger is, moet die skool onverwyld daarvan in kennis stel. 'n Leerder wat bewus is van 'n medeleerder se swangerskap moet die skool insgelyks onmiddellik daarvan in kennis stel.

11.6.9 Sodra die skool van 'n leerder se swangerskap ingelig is, moet die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde senior vrouepersoneellid met die betrokke leerder en/of haar ouers/voogde oorleg pleeg, met die versoek dat die skool voorsien word van skriftelike mediese bevestiging (met ander woorde deur 'n erkende mediese praktisyn) van die leerder se swangerskap, wat die geraamde bevallingsdatum insluit. Die skool moet ook gereelde vorderingsverslae oor die algemene gesondheid van die leerder en haar ongebore kind ontvang.

11.6.10 Indien dit nie moontlik is om met die ouers/voogde van die swanger leerder oorleg te pleeg nie, moet die skool die leerder na 'n geneesheer of mediese sentrum (met ander woorde kliniek of hospitaal) verwys. Die geneesheer of professionele gesondheidspraktisyn moet die skool van 'n bewys van die leerder se swangerskap voorsien, wat die geraamde bevallingsdatum sal insluit, sowel as van gereelde vorderingsverslae oor die algemene gesondheid van die leerder en haar ongebore kind voorsien.

11.6.11 Die swanger leerder moet behoorlik ingelig word dat daar geen mediese personeel by die skool is nie, en dat geen personeellede van die skool professioneel opgelei is om enige komplikasies gedurende 'n swangerskap te hanteer nie. Die leerder moet voorts kennis neem van moontlike gesondheidsrisiko's, trauma vir haar en/of haar ongebore of pasgebore kind, sowel as die gepaardgaande moontlike uitwerking op en/of trauma vir die res van die skool.

11.6.12 Gedagtig aan bogenoemde faktore, bepaal hierdie beleid dat 'n swanger leerder vanaf die begin van week 32 van haar swangerskap met swangerskapverlof sal gaan en nie meer aan gewone skoolaktiwiteite en/of -klasse sal deelneem nie. Met hierdie maatreël wil die

skool verseker dat die leerder in ’n veilige omgewing aan haar kind geboorte kan skenk, terwyl dit ook die ander leerders van die skool beskerm.

11.6.13 Indien die skool nie oor voldoende kennis van die gevorderdheid van die leerder se swangerskap beskik nie, en daar ’n redelike vermoede bestaan dat sy reeds 32 weke swanger is, moet die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde senior vrouepersoneellid die bepalings in paragraaf 4.5 hierbo afdwing, in welke geval dit by die swanger leerder berus om die skool by wyse van ’n mediese sertifikaat van ’n erkende mediese praktisyn anders te oortuig. Indien sodanige leerder die skool wél anders oortuig, sal die bepalings van paragraaf 4.5 hierbo afgedwing word sodra sy 32 weke swanger is.

11.6.14 Die swanger leerder moet voorts kennis neem dat paragraaf 13(i) van die Leerderaanwesigheidsbeleid onder meer bepaal dat dit van tyd tot tyd onwenslik kan wees vir haar om skool by te woon, onder andere indien dit na die skoolhoof se mening in die leerder se belang óf onvermydelik is dat sy eerder tuisbly.

11.6.15 Die swanger leerder moet dus daarop let dat die skoolhoof bogenoemde diskresionêre bevoegdheid sal uitoefen indien hy/sy in enige stadium gedurende die leerder se swangerskap van mening sou wees dat dit hetsy in die leerder se belang óf onvermydelik is dat sy eerder tuisbly, selfs al is die leerder dalk nog nie 32 weke swanger nie, in welke geval die bepalings van hierdie beleid toegepas sal word asof die leerder reeds 32 weke swanger is.

11.6.16 Indien die tydperk vanaf 32 weke swangerskap tot die bevalling in ’n jaareindeksamen val, sal die skool die swanger leerder so ver moontlik probeer bystaan om wél haar eksamen af te lê.

Sodanige bystand is egter onderworpe aan die skool se vermoë, en kan slegs verleen word indien:

11.6.17 dit prakties moontlik is om die swanger leerder vir die hele eksamen op haar eie onder behoorlike toesig (verkieslik van ’n senior vrouepersoneellid) te laat eksamen skryf;

11.6.18 haar hele eksamen kragtens alle departementele voorskrifte oor toesig afgelê kan word; en

11.6.19 dit na die goeddunke van die beheerliggaam nie teen die belange van die ander leerders van die skool indruis nie.

11.6.20 Indien die tydperk vanaf 32 weke swangerskap tot die bevallingsdatum in die swanger leerder se graad 12-eindeksamen val, sal die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde senior vrouepersoneellid die leerder en/of haar ouers/voogde die moontlikheid bied om vrywillig as leerder van die skool te deregistreer en die eindeksamen as privaat kandidaat af te lê. Die administratiewe proses in dié verband sal deur die leerder en/of haar ouers/voogde self hanteer word.

11.6.21 Indien die swanger leerder nié hierdie proses wil volg nie, sal die skool die leerder so ver moontlik probeer bystaan om wél haar graad 12-eindeksamen af te lê.

Sodanige bystand is egter onderworpe aan die skool se vermoë, en kan slegs verleen word indien:

11.6.22 dit prakties moontlik is om die swanger leerder vir die hele graad 12-eindeksamen op haar eie onder behoorlike toesig (verkieslik van 'n senior vrouepersoneellid) te laat eksamen skryf;

11.6.23 haar hele eksamen kragtens alle departementele voorskrifte oor toesig in 'n graad 12-eindeksamen afgelê kan word; en

11.6.24 dit na die goeddunke van die beheerliggaam nie teen die belange van die ander leerders van die skool indruis nie.

11.6.25 Sou die swanger leerder in enige van bogenoemde gevalle wél die eksamen by die skool skryf, geld dié reëling slegs vir daardie eksamen en nie vir enige ander skoolaktiwiteite nie.

11.6.26 Indien die swanger leerder wél die eksamen by die skool skryf, moet die bepalings van paragraaf 4.4 hierbo uitdruklik onder haar en/of haar ouers/voogde se aandag gebring word, en moet die leerder en/of haar ouers/voogde versoek word om voldoende reëlings te tref dat behoorlike mediese hulp onmiddellik beskikbaar is indien die leerder en/of haar ongebore baba dit sou benodig.

11.6.27 Die leerder sal weer tot die skool en gewone skoolaktiwiteite toegelaat word slegs indien sy die skool van 'n sertifikaat van 'n erkende mediese praktisyn voorsien wat bevestig dat sy medies geskik is om dit te doen en in staat is om gewoonweg klasse by te woon.

11.6.28 Wanneer die leerder haar gewone skoolklasse en -aktiwiteite ná die geboorte van haar kind hervat het, mag die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde senior vrouepersoneellid na gelang van omstandighede by die leerder oor die versorging en welstand van die baba navraag doen.

11.6.29 Die swanger leerder moet ook ingelig word van die moontlikheid dat sommige lede van die skoolgemeenskap nie noodwendig haar situasie sal aanvaar óf haar sal ondersteun nie, as gevolg van die bepaalde waardestelsel wat die gemeenskap aanhang.

11.6.30 Die ouers/voogde van die swanger leerder sal versoek word om die leiding te neem en met die skool saam te werk ten einde die leerder te ondersteun en haar gesondheid en vordering te moniteer.

11.6.31 Die ouers/voogde van die swanger leerder sal versoek word om stappe te doen om te verseker dat die leerder haar klastake, -opdragte en -werkstukke ontvang indien sy weens haar swangerskap skool misloop, en dat voltooide take en werkstukke vir assessering aan die skool terugbesorg word.

11.6.32 Deur die ondertekening van hierdie swangerskapbeleid:

11.6.32.1 aanvaar die swanger leerder sowel as haar ouers/voogde dat die skool 'n opvoedkundige instelling is en nie noodwendig oor die nodige kundigheid, fasiliteite en ander hulpbronne beskik om mediese, sielkundige en/of ander dienste wat met 'n swangerskap verband hou, te verskaf nie; en11.6.32.2 vrywaar die swanger leerder

sowel as haar ouers/voogde die beheerliggaam én die skool onherroeplik teen die instel van enige aksie vir enige skade van watter aard of op watter grond ook al wat met die leerder se swangerskap en/of bevalling verband hou. Hierdie vrywaring sal 'n aanvang neem op die datum waarop die leerder swanger geraak het en sal voortduur totdat sy haar gewone skoolaktiwiteite ná die bevalling hervat.

11.6.33 die swanger leerder ten sterkste aanmoedig om gedurende haar swangerskap sowel as ná die bevalling met haar onderrig voort te gaan;

11.6.34 verseker dat 'n klimaat van begrip en respek ten opsigte van onbeplande swangerskappe heers;

11.6.35 die swanger leerder in kennis stel dat hierdie beleid geensins as 'n strafmaatreël van enige aard bedoel is nie, maar dat die belange van die swanger leerder, haar ongebore kind, die skoolgemeenskap, die personeel van die skool, medeleerders sowel as andere hier ter sprake is en dus met die aanvaarding van hierdie beleid in ag geneem moes word;

11.6.36 'n register van leerderswangerskappe byhou; en

11.6.37 toesien dat 'n afskrif van hierdie beleid so spoedig moontlik nadat die betrokke leerderswangerskap aan die lig gekom het, aan die swanger leerder en/of haar ouers/voogde oorhandig word.

11.6.38 Die skool bevestig voorts dat hy besef dat die swanger leerder se rekord nie geskrap mag word omdat sy swanger geraak het of geboorte geskenk het nie.

## 12. <u>TUGMAATREËLS</u>

### 12.1 BEGINSELS

12.1.1 Gewoonlik behoort tugstappe eerstens opvoedkundig en tweedens korrektief te wees, asook slegs toegepas te word wanneer vroeëre stappe ondoeltreffend was.

12.1.2 Dissiplinêre stappe moenie ligtelik toegepas word nie en daarom berus dit slegs by gesagspersone met die nodige verantwoordelikheid.

12.1.3 Sover moontlik moet gelyksoortige oortredings wat in vergelykbare omstandighede begaan is, ooreenstemmend behandel word. Die mikpunt is eenvormige toepassing van dissiplinêre stappe.

12.1.4 Dissiplinêre stappe moet gebaseer word op die erns van die oortreding sowel as die skool- en dissiplinêre rekord van die oortreder.

12.1.5 Sekere faktore kan die erns van ‘n oortreding verswaar of versag. ‘n Oortreding deur ‘n senior leerder wat ‘n voorbeeld behoort te stel, kan byvoorbeeld verswarend wees.

### 12.2 MONDELINGSE WAARSKUWING

12.2.1 Enige onderwyser of leerder mag te enige tyd ‘n leerder teregwys sonder om ‘n formele skriftelike klag aanhangig te maak.

12.2.2 Mondelingse waarskuwing kan gegee word vir minder ernstige oortredings. Die Rekordhouding van mondelingse waarskuwings is noodsaaklik.

### 12.3 PROSEDURE VAN SKRIFTELIKE WAARSKUWING

12.3.1 Skriftelike waarskuwings word uitgereik ooreenkomstig die prosedure van die detensiesisteem soos volledig uiteengesit in die skriftelike dokument deur die skool uitgereik.

### 12.4 FINALE SKRIFTELIKE WAARSKUWING

12.4.1 ‘n Finale skriftelike waarskuwing word uitgereik na afloop van ‘n dissiplinêre ondersoek deur die dissiplinêre komitee vir alle ernstige oortredings.

12.4.2 Die bestuurspan kan ‘n finale skriftelike waarskuwing uitreik vir die eerste oortreding van rook, rook in die openbaar buite die skool in skooldrag en om in die teenwoordigheid van rokers te wees.

12.4.3 ‘n Finale skriftelike waarskuwing bly van krag vir ‘n tydperk van 6 maande, alhoewel, dit op die leerder se rekord bly.

### 12.5 KATEGORIE EEN-OORTREDINGS (ROETINE EN KLASOORTREDINGS)

TIPE OPTREDE:

- Mondelingse teregwysing
- Aanteken op dissipline sisteem
- Strafmaatreëls deur gemagtigde persoon
- Berading

**SOORT OORTREDING:**

| | |
|---|---|
| 12.5.1 | Boeke vergeet. |
| 12.5.2 | Astrante terugpraat met opvoeder ('back chat') |
| 12.5.3 | Nalaat of weier om sonder aanvaarbare rede studieverpligtinge, tuiswerk, projekte of opdragte van opvoeder te voltooi, of met die nodige sorg en aandag uit te voer. |
| 12.5.4 | Onoplettendheid. |
| 12.5.5 | Laatkom (klas-, skool- en, sportbedrywighede). |
| 12.5.6 | Nie-ingee van briewe of afskeurstrokies. |
| 12.5.7 | Nie voorgeskrewe skooldrag |
| 12.5.8 | Verbode terreine. |
| 12.5.9 | Vuil taalgebruik. |
| 12.5.10 | Voorkomsprobleme. |
| 12.5.11 | Rommelstrooi. |
| 12.5.12 | Onordelik in rye en tydens klaswisseling. |
| 12.5.13 | Praat uit beurt in klas. |
| 12.5.14 | Praat en eet in die klaskamer. |
| 12.5.15 | Stampery. |
| 12.5.16 | Woelig in die klaskamer. |
| 12.5.17 | Slaap in die klaskamer. |
| 12.5.18 | Rondlopery gedurende klasure. |
| 12.5.19 | Toetse druip. |
| 12.5.20 | Draal tussen lesure/periodes. |
| 12.5.21 | Neerhalende name gebruik teenoor medeleerders, opvoeders en ander personeellede van die skool gedurende skoolure en teenoor ander persone terwyl in skooldrag. |
| 12.5.22 | Slordige en onnet voorkoms. |
| 12.5.23 | Hande in sakke. |
| 12.5.24 | Dislojaliteit en benadeling van die skool se belange/beeld. |
| 12.5.25 | Selfoon (of enige onge-oorloofde elektroniese apparaat) oortreding – gebruik in klas, selfoon wat in klas afgaan of lui. |

### 12.6 KATEGORIE TWEE-OORTREDINGS

TIPE OPTREDE:

- Skriftelike waarskuwing
- Mondelingse teregwysing
- Aanteken op dissipline sisteem
- Strafmaatreëls deur gemagtigde persoon
- Berading
- Moontlike Dissiplinêre verhoor, afhangend van die erns van die oortreding.

SOORT OORTREDING:

| | |
|---|---|
| 12.6.1 | Herhaling van enige kategorie een oortreding |
| 12.6.2 | Arrogansie, onbeskof, terugpraat teenoor opvoeders, nie-opvoeders. |
| 12.6.3 | Bakleiery (nie ernstige aard). |
| 12.6.4 | Wegbly van die skool vir een dag sonder brief van een van die ouers/voogde en/of die voorgeskrewe toestemming. |
| 12.6.5 | Wegbly, padgee of wegglip uit klasse of skool-en sportaktiwiteite sonder die voorgeskrewe toestemming van opvoeders en/of persoon in beheer van aktiwiteit. |
| 12.6.6 | Die skoolterrein verlaat sonder die voorgeskrewe toestemming gedurende amptelike skoolure en/of sosiale funksies deur die skool aangebied. |
| 12.6.7 | Onregmatige toe-eiening van skooleiendom, of eiendom van personeellede/ander leerders, selfs indien die eiendom op die skoolterrein opgetel word. |
| 12.6.8 | Rook gedurende skoolure, amptelike skoolfunksies, sosiale funksies aangebied deur die skool, rook in die openbaar buite die skool terwyl in skooldrag en om in die teenwoordigheid van rokers te wees. |
| 12.6.9 | Afwesigheid van sportbedrywighede sonder die voorgeskrewe toestemming en/of vooraf kennisname van die opvoeder en/of ander partye in beheer van die sportbedrywighede. Sportspanne in die steek laat. |
| 12.6.10 | Swak gedrag in die openbaar terwyl in skooldrag. |
| 12.6.11 | Swak gedrag tydens skoolgeleenthede. |
| 12.6.12 | Tuiswerk afskryf. |
| 12.6.13 | Vandalisme/graffiti. |
| 12.6.14 | Afkondigings ignoreer. |
| 12.6.15 | Vuil taalgebruik. |
| 12.6.16 | Afknouery. |
| 12.6.17 | Oneerlikheid (nie ernstige aard). |
| 12.6.18 | Ontwrig klasse. |
| 12.6.19 | Krap in maat, medeleerder, opvoeder en/of personeellid se tas, eiendom. |
| 12.6.20 | Swak sportmanskap. |
| 12.6.21 | Afbrekende/beledigende opmerkings omtrent die skool en/of sy skoolpersoneel teenoor buitepartye. |
| 12.6.22 | Die versuim om skooldrag volgens voorskrif te dra gedurende skoolure, amptelike skoolfunksies, amptelike skoolsportbyeenkomste en buitemuurse byeenkomste deur die skool aangebied. |
| 12.6.23 | Enige onbeskofte, astrante of minagtende houding, optrede of woorde deur ‘n leerder teenoor ‘n onderwyser of gesagspersoon. |
| 12.6.24 | Weiering om ‘n redelike opdrag of versoek deur ‘n gesagspersoon te gehoorsaam of aanhitsing van die leerders tot sulke gedrag. |

## 12.7 KATEGORIE DRIE-OORTREDINGS

TIPE OPTREDE:

- Finale skriftelike waarskuwing
- Mondelingse teregwysing
- Aanteken op dissipline sisteem
- Strafmaatreëls deur gemagtigde persoon
- Berading
- Dissiplinêre verhoor

SOORT OORTREDING:

| | |
|---|---|
| 12.7.1 | Herhaling van kategorie Twee-oortreding |
| 12.7.2 | Aanranding gewoon (klap, slaan met vuis, skop). |
| 12.7.3 | Diefstal. |
| 12.7.4 | Ernstige ontwrigting van skoolroetine. |
| 12.7.5 | Oneerlikheid tydens toetse en eksamens. |
| 12.7.6 | Enige opsetlike daad of nalatigheid waardeur ‘n leerder skade aan skooleiendom of eiendom van personeel of medeleerders veroorsaak en/of aanrig. |
| 12.7.7 | Voorvalle van rassehaat/aanval op ander rasse. |
| 12.7.8 | Die gebruik van woorde wat haat, bespotting of minagting teenoor enige personeellid of leerder. Die oortreding word vererger wanneer dit veral gerig word op die ander persoon se ras, geslag, taal, geloof, herkoms of kleur. |
| 12.7.9 | Immorele gedrag en godslastering. |
| 12.7.10 | Besit van pornografiese materiaal. |
| 12.7.11 | Saam met een of meer leerders oproerig optree of ‘n groep leerders aanhits om hulle oproerig te gedra of skooleiendom te beskadig. |
| 12.7.12 | Enige daad of dreigement of die funksionering van die skool te ontwrig deur fisiese skade aan geboue, toerusting of ander eiendom. |
| 12.7.13 | Enige vorm van openbare onwelvoeglikheid. |
| 12.7.14 | Ernstige bedreiging, ontwrigting of frustrasie van die leer-en onderrig proses in die klas. |
| 12.7.15 | In die teenwoordigheid wees van persone/leerders wat hulself skuldig maak aan drank- en dwelm gebruik strydig met die gedragskode. |
| 12.7.16 | Herhaalde oortreding van gedragsreëls en gedragskode. |
| 12.7.17 | Besit of gebruik van of dreig met ‘n gevaarlike wapen. |
| 12.7.18 | Poging tot aanranding van enige personeellid/leerder. |
| 12.7.19 | Enige opsetlike daad of nalatigheid waardeur ‘n leerder, skoolpersoneel of leerders blootgestel word aan beserings of lewensverlies. |
| 12.7.20 | Ruik na drank gedurende skoolure. |

## 12.8 KATEGORIE VIER-OORTREDINGS

TIPE OPTREDE:

- Finale skriftelike waarskuwing
- Mondelingse teregwysing
- Aanteken op dissipline sisteem
- Strafmaatreëls deur gemagtigde persoon
- Berading
- Dissiplinêre verhoor
- Skorsing/Uitsetting

SOORT OORTREDING:

12.8.1 <u>Ernstige wangedrag</u>

(1) Onderhewig aan die bepalings van die Wet, sal ‘n leerder by ‘n skool wat-

(a) gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelms gebruik het of in sy of haar besit gehad het of verkoop het of versprei het;

(b) ‘n daad van afknouery, aanranding, diefstal, brandstigting of kwaadwillige beskadiging van eiendom pleeg;

(c) ‘n daad van gruwelike ongehoorsaamheid pleeg of immorele gedrag openbaar;.

(d) in besit is of gebruik maak van enige ongemagtigde afskrif van ‘n toets- of eksamenvraestel, of kul, versprei, uitruil, omkoop of poog om enige persoon om te koop ten opsigte van enige toets of eksamen, met die doel om sodoende sigself of enige ander persoon in die posisie plaas om ‘n onbillike voordeel te verkry.

(e) haatspraak gebruik, homself of haarself skuldig maak aan rasisme, seksisme, seksuele teistering, in besit is van of pornografiese materiaal versprei of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid;

(f) die veiligheid van medeleerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig, die skoolprogram ontwrig of die regte van ander skend;

(g) homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel te verkry by ‘n skool;

(h) herhaaldelik skuldig bevind is aan oortredings van die leerdergedragskode; of

(i) homself of haarself, volgens die mening van die beheerliggaam, op ‘n skandelike, onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra, skuldig mag wees aan ernstige wangedrag.

(j) Disrespekvol optree en vuil taal gebruik teenoor onderwysers, skoolpersoneel of mede leerders.

12.8.2 Onderhewig aan die bepalings van die Wet, kan ‘n leerder by ‘n skool geskors word deur die beheerliggaam of uitgesit word deur die Departementshoof, indien, na ‘n billike verhoor, hy of sy skuldig bevind is aan ernstige wangedrag soos bedoel in subregulasie (12.8.1.1)

12.9 Ondersoek na moontlike ernstige wangedrag

(1) Waar daar bewerings is dat die optrede van ‘n leerder beskou word as ernstige wangedrag in terme van regulasie 12.8.1(1), moet die bewering onder die aandag van die prinsipaal gebring word, wat –

(a) ondersoek moet instel of moet sorg dat ondersoek ingestel word om te bepaal of daar gronde bestaan vir ‘n dissiplinêre verhoor;

(b) moet besluit of daar genoegsame getuienis is om dissiplinêre prosedures teen die leerder ten opsigte van die ernstige misdryf in te stel en of dit nodig is om die saak by die beheerliggaam aan te meld.

(2) Die beheerliggaam mag, op redelike gronde en as voorsorgmaatreël, die leerder wat van ernstige wangedrag verdink word, skors van skoolbywoning vir ‘n periode van hoogstens sewe skooldae.

(3) Die beheerliggaam moet –

(a) Die leerder en die ouers van die leerder in kennis stel van die voorneme om te skors en die redes daarvoor.

(b) die leerder en die ouers van die leerder ‘n redelike geleentheid bied om vertoë te rig aan die beheerliggaam insake sodanige skorsing, en

(c) die besluit om die leerder te skors aan die Distriksdirekteur rapporteer, wie ‘n register van alle sodanige skorsings moet hou.

(4) Die beheerliggaam moet dissiplinêre prosedures instel teen die leerder op die wyse soos bedoel in artikel 8 van die Wet binne sewe skooldae na die skorsing van sodanige leerder.

(5) Indien dissiplinêre prosedures nie uitgevoer is binne sewe dae na die skorsing van die leerder nie, moet die beheerliggaam die goedkeuring van die Departemenshoof verkry vir die voortgesette skorsing van sodanige leerder.

12.10 Skorsing van ‘n leerder

(1) ‘n Beheerliggaam mag ‘n leerder slegs uit die skool skors-

(a) as voorsorgmaatreël op die wyse soos bepaal in regulasie 12.9.2 vir ‘n tydperk van hoogstens sewe skooldae;

(b) as korrektiewe maatreël soos bepaal in regulasie 12.12.(4)(e)(i) vir ‘n tydperk van hoogstens sewe skooldae nadat die leerder skuldig bevind is aan ernstige wangedrag; of

(c) in afwagting op die besluit van die Departemenshoof op die wyse soos bepaal in regulasie 12.13.2 vir ‘n tydperk van hoogstens 14 skooldae.

(2) Die totale tydperk van skorsing uit die skool van ‘n leerder moet nie langer as 21 skooldae wees nie.

(3) Die beheerliggaam moet die besluit om die leerder te skors, asook die aard van die skorsing, aan die Distriksdirekteur rapporteer wat dit sal aanteken in ‘n register van alle skorsings.

(4) Kennisgewing aan leerder en ouer van dissiplinêre verhoor

(1) Die beheerliggaam moet die leerder sowel as die ouers van die leerder skriftelik in kennis stel dat dissiplinêre prosedures teen sodanige leerder ingestel gaan word. Die kennisgewing moet-

(a) ten minste vyf skooldae kennis gee voor die verhoor plaasvind;
(b) die leerder en die ouers van die leerder in kennis stel dat dissiplinêre prosedures ingestel sal word teen die leerder.
(c) voldoende gegewens van die datum, tyd, plek en aard van die beweerde wangedrag bevat om die leerder in staat te stel om die insident te identifiseer en daarop te reageer by die dissiplinêre verhoor;
(d) die datum, tyd en plek van die dissiplinêre verhoor bevat;
(e) die leerder adviseer aangaande sy of haar reg om-
  (i) vergesel te wees en by die verhoor verteenwoordig te word deur sy of haar ouer(s) of deur 'n verteenwoordiger van sy of haar ouers se keuse;
  (ii) toegang te vra tot dokumente of inligting wat as getuienis, voorgelê is, en
  (iii) vrae te stel, kruisondervraging te doen, getuienis te lei, getuies te roep en dokumentêre bewys te lewer om kwessies aangaande die bewerings uit te klaar;
(f) die leerder van die voorkomende skorsing as voorsorg, waar van toepassing, en die aard van die akademiese ondersteuning wat deur die skool verskaf moet word, inlig, voor die dissiplinêre verhoor en tydens die periode van skorsing soos bedoel in regulasie 12.9.2.

(2) Die prinsipaal moet die leerder in kennis stel soos bedoel in subregulasie (1) en 'n afskrif daarvan aan die ouers van die leerder aflewer by die adres van die leerder aangedui in die skool se toelatingsregister of die leerderprofiel.

12.11 Aanstelling en samestelling van dissiplinêre komitee

(1) Die beheerliggaam moet voorsit tydens die dissiplinêre prosedures of 'n dissiplinêre komitee aanstel vir hierdie doel.
(2) Die dissiplinêre komitee moet bestaan uit ten minste vyf persone waarvan ten minste drie persone beheerliggaamlede moet wees.
(3) Die dissiplinêre komitee moet 'n lid van die beheerliggaam, aangewys deur die beheerliggaam, wat nie 'n werknemer of lid van die skoolpersoneel is nie, as voorsitter hê.
(4) Die dissiplinêre komitee moet onpartydig en billlik wees en optree sonder gunsbetoning of vooroordeel.
(5) Die prinsipaal, leerders by die skool of persone wat 'n botsing van belange het, is nie geregtig om as lede van die dissiplinêre komitee te dien nie en mag nie teenwoordig wees wanneer die beheerliggaam die verslag of aanbevelings van die dissiplinêre komitee bespreek nie.

12.12 Dissiplinêre verhoor

(1) By die dissiplinêre verhoor het die leerder die reg om teenwoordig te wees, om verteenwoordig te word, om getuienis te lewer en óf persoonlik óf deur 'n verteenwoordiger-
  (a) sy of haar saak te stel;
  (b) getuienis te roep;
  (c) vrae te stel aan enige persoon wat as getuie opgeroep is ter ondersteuning van 'n aanklag; en
  (d) dokumente te inspekteer wat as getuienis voorgelê is.

(2) Indien 'n leerder of sy of haar ouers versuim om die dissiplinêre verhoor by te woon sonder 'n geldige rede, en na behoorlike kennisgewing soos bedoel in regulasie 5, kan die verhoor, nadat dit 'n tweede keer saamgeroep is, in hulle afwesigheid gehou word. Indien die betrokke leerder en sy ouer/s nie opdaag vir 'n verhoor nie, en die verhoor nie kan plaasvind sonder die leerder en sy ouer/s nie, sal die betrokke leerder geskors bly totdat die verhoor kan plaasvind.

(3) Die voorsitter moet aan die begin van die dissiplinêre verhoor die redes vir die dissiplinêre verhoor verduidelik, versoek dat die aanklag of aanklage gelees word en die leerder versoek om op die aanklag te pleit.

(4) Indien die leerders skuldig pleit, moet die voorsitter-
  (a) seker maak dat die leerder weet en verstaan waarop hy of sy skuldig pleit;
  (b) die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder vra of enige een vertoë wil rig voor 'n gepaste strafbepaling opgelê word;
  (c) die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder en enige ander partye, behalwe die lede van die dissiplinêre komitee, versoek om die kamer te verlaat terwyl die komitee oor 'n gepaste strafbepaling oorleg pleeg;
  (d) seker maak dat die dissiplinêre komitee op 'n gepaste strafbepaling besluit;
  (e) verseker dat die dissiplinêre komitee, na die skuldigbevinding van die leerder aan ernstige wangedrag, besluit of-
    (i) die leerder geskors behoort te word vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae;
    (ii) enige ander strafmaatreël bedoel in die gedragskode vir leerders van daardie skool vir ernstige wangedrag aan die leerder opgelê moet word; of
    (iii) 'n aanbeveling aan die Departementshoof gedoen moet word om die leerder uit te sit; en
  (f) die leerder, verteenwoordiger en ouer(s) van die leerder terugroep en in kennis stel van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.

(5) Indien die leerder skuldig pleit, moet die voorsitter-
  (a) versoek dat die ondersoekverslag voorgelees word en getuienis aangebied word ter ondersteuning van die aanklag, wat insluit die oproep van 'n klaer en getuies;
  (b) aan die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder die geleentheid bied om vrae te stel aan die klaer en die getuies met die doel om getuienis te weerlê;
  (c) komiteelede toelaat om vrae te stel om onduidelikhede op te klaar, waar van toepassing;
  (d) die leerder 'n geleentheid bied om sy of haar saak te stel en getuies te roep;
  (e) komiteelede toelaat om vrae te stel vir duidelikheid;
  (f) die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder verskoon terwyl die komitee getuienis in oorweging neem en op die uitspraak besluit; en

(g) die leerder, verteenwoordiger en ouer(s) van die leerder terugroep en hulle inlig aangaande die besluit van die dissiplinêre komitee.

(6) Indien die dissiplinêre komitee die leerder skuldig bevind, moet die voorsitter;

(a) hom of haar, of sy of haar verteenwoordiger of ouers van die leerder, vra of hulle vertoë wil rig voordat 'n besluit geneem word oor die gepaste strafbepaling; en

(b) die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder en enige ander partye, behalwe die lede van die dissiplinêre komitee versoek om die kamer te verlaat terwyl die komitee oor 'n gepaste strafbepaling oorleg pleeg.

(7) Die dissiplinêre komitee moet dan besluit op 'n gepaste strafbepaling na inagneming van al die getuienis en vertoë en besluit of:

(a) die leerder geskors behoort te word vir 'n tydprek van hoogstens sewe skooldae;

(b) enige ander strafmaatreël bedoel in die gedragskode vir leerders van daardie skool vir ernstige wangedrag aan die leerder opgelê word; of

(c) 'n aanbeveling aan die Departementshoof gedoen moet word om die leerder uit te sit.

(8) Die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder terugroep en in kennis stel van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.

(9) Die leerder of sy of haar ouers moet verder skriftelik ingelig word van die besluit van die beheerliggaam of hy of sy skuldig bevind is al dan nie aan ernstige wangedrag, en die strafbepaling ingestel.

12.13 <u>Aanbeveling van uitsetting deur beheerliggaam</u>

1(a) Waar die beheerliggaam by die Departementshoof aanbeveel dat 'n leerder uitgesit moet word, moet die ouers van die leerders skirftelik in kennis gestel word van die besluit van die beheerliggaam.

(b) Waar 'n beheerliggaam 'n leerder skors van skoolbywoning, met die aanbeveling van uitsetting aan die Departemenshoof, moet die beheerliggaam die prinsipaal opdrag gee om volgende binne drie skooldae aan die Departementshoof voor te lê-

(i) die notules van vergaderings waarop die besluit geneem is;

(ii) enige geskrewe vertoë wat deur die leerder of ouers van die leerder of verteenwoordiger gerig is, en

(iii) die volledige rekord van die prosedures deur die dissiplinêre komitee of beheerliggaam.

2. Die beheerliggaam mag die uitsetting van 'n leerder opskort of verleng vir 'n periode van hoogstens 14 dae, hangende van die besluit deur die Departementshoof.
3. Die Departementshoof moet die aanbeveling van die beheerliggaam oorweeg en besluit of 'n leerder binne veertien dae vanaf ontvangs van sodanige aanbeveling uitgesit moet word.
4. Indien die Departementshoof besluit om nie die leerder uit te sit nie, mag die Departementshoof, na konsultasie met die beheerliggaam, 'n gepaste strafbepaling vir die leerder oplê wat deur beheerliggaam geïmplimenteer moet word.
5. Indien die Departementshoof besluit om nie 'n strafbepaling vir die leerder op te lê nie, moet die Departementshoof die saak terugverwys na die beheerliggaam, vir 'n alternatiewe strafbepaling, ingevolge die gedragskode vir leerders soos bedoel in artikel 8 van die Wet.
6. Die beheerliggaam en die ouers van die leerder moet onmiddellik skriftelik in kennis gestel word van die besluit van die Departementshoof, met goeie gronde aangevoer.
7. Die kennisgewing soos bedoel in subregulasie (6) moet insluit 'n verwysing na die reg tot appél by die Provinsiale Minister, indien die Departementshoof 'n leerder uitsit.

12.14 Appél

(1) ‘n Leerder wat uit ‘n skool gesit is of ouer van so ‘n leerder, mag appél aanteken teen die besluit van die Departementshoof by die Provinsiale Minister binne 14 dae van ontvangs van die kennisgewing van uitsetting.
(2) ‘n Afskrif van die kennisgewing om appél aan te teken soos bepaal in subregulasie (1) moet ook by die kantoor van die Departementshoof en die voorsitter van die beheerliggaam ingedien word.
(3) Indien ‘n appél ingevolge subregulasie (1) van ‘n leerder wat uit ‘n skool gesit is, deur die Provinsiale Minister gehandhaaf word, moet die Provinsiale Minister verseker dat ‘n geskikte strafbepaling ingestel word op die leerder binne 14 dae van die datum waarop die appél gehandhaaf is.
(4) Vir doeleindes van die oplegging van ‘n geskikte strafbepaling soos bedoel in subregulasie (3), is die bepallings van regulasie 8(4) en (5) van die toepassing met die veranderinge soos vereis deur die konteks.

12.15 Algemene Dag-tot-Dag Bestuur van Kategorie 1 tot 4 oortredings

Die kategorie 1-, 2-, 3- en 4-oortredings word as volg opgesom in gebruikstabelle.

‘n Bykomende Dag-tot-Dag bestuursprosedure word gekoppel aan elke kategorie oortreding – hierdie prosedure gaan binne die skool gebruik word om die Gedragskode se effektiewe bestuur te vergemaklik en om oortreding van die gedragskode te monitor en op te volg.

Indien ‘n leerder reeds drie detensies gesit het en hom/haarself skuldig maak deur vir ‘n vierde detensie te kwalifiseer, gaan die volgende stappe geneem word:

- Die betrokke leerder en sy/haar ouer/s of voog/de word ingeroep vir ‘n vergadering om die aangeleentheid te bespreek.
- Die betrokke leerder gaan dan ook vir vyf dae geskors word van alle skoolaktiwiteite.
- Die leerder se oortredingstotaal word nul gemaak.
- Let asseblief dat slegs die TOTAAL van die oortredings verander word. Die oortredings gaan steeds sigbaar wees.

12.15.1 Prosedures wat ge-ïmplementeer word is as volg:

| |
|---|
| **<u>KATEGORIE EEN-OORTREDINGS</u> (ROETINE EN KLASOORTREDINGS)**<br>**(elke oortreding tel -1)**<br><br>**SOORT OORTREDING**:<br>1. Boeke vergeet.<br>2. Astrante terugpraat met opvoeder ('back chat')<br>3. Nalaat of weier om sonder aanvaarbare rede studieverpligtinge, tuiswerk, projekte of opdragte van opvoeder te voltooi, of met die nodige sorg en aandag uit te voer.<br>4. Onoplettendheid.<br>5. Laatkom (klas-, skool- en sportbedrywighede).<br>6. Nie-ingee van briewe of afskeurstrokies.<br>7. Nie voorgeskrewe skooldrag<br>8. Verbode terreine.<br>9. Vuil taalgebruik.<br>10. Voorkomsprobleme – bv haarstyle / juweliersware / bykomstighede ens.<br>11. Rommelstrooi.<br>12. Onordelik in rye en tydens klaswisseling.<br>13. Praat uit beurt in klas.<br>14. Praat en eet in die klaskamer.<br>15. Stampery.<br>16. Woelig in die klaskamer.<br>17. Slaap in die klaskamer.<br>18. Rondlopery gedurende klasure.<br>19. Toetse druip.<br>20. Draal tussen lesure/periodes.<br>21. Neerhalende name gebruik teenoor medeleerders, opvoeders en ander personeellede van die skool gedurende skoolure en teenoor ander persone terwyl in skooldrag.<br>22. Slordige en onnet voorkoms.<br>23. Hande in sakke.<br>24. Dislojaliteit en benadeling van die skool se belange/beeld.<br>25. Enige selfoon gebruik in klastyd. |
| **TIPE OPTREDE:**<br>➢ Mondelingse teregwysing word op die dissiplinêre sisteem aangeteken deur elke opvoeder.<br>➢ Drie mondelingse teregwysings (drie inskrywings) lei tot 'n detensie-merkie.<br>➢ Detensie leerders word op 'n Vrydag in kennis gestel van hul detensie en die ouers word ook gebel deur die kantoor.<br>➢ Indien leerder op detensie geplaas word is dit vir die daaropvolgende week se Vrydag.<br>➢ Selfoon word onmiddellik afgeneem (met simkaart) en ingehandig by Kantoor – selfoon bly in kantoor tot einde van kwartaal of leerder kan selfoonboete betaal van R500-00 om selfoon onmiddellik terug te kry. |

**KATEGORIE TWEE-OORTREDINGS**
**(elke oortreding tel -3)**

**SOORT OORTREDING**:

1. Herhaling van enige kategorie een oortreding.
2. Arrogansie, onbeskof, terugpraat teenoor opvoeders, nie-opvoeders.
3. Bakleiery (nie ernstige aard).
4. Wegbly van die skool vir een dag sonder brief van een van die ouers/voogde en/of die voorgeskrewe toestemming.
5. Wegbly, padgee of wegglip uit klasse of skool-en sportaktiwiteite sonder die voorgeskrewe toestemming van opvoeders en/of persoon in beheer van aktiwiteit.
6. Die skoolterrein verlaat sonder die voorgeskrewe toestemming gedurende amptelike skoolure en/of sosiale funksies deur die skool aangebied.
7. Onregmatige toe-eiening van skooleiendom, of eiendom van personeellede/ander leerders, selfs indien die eiendom op die skoolterrein opgetel word.
8. Rook gedurende skoolure, amptelike skoolfunksies, sosiale funksies aangebied deur die skool, rook in die openbaar buite die skool terwyl in skooldrag en om in die teenwoordigheid van rokers te wees.
9. Afwesigheid van sportbedrywighede sonder die voorgeskrewe toestemming en/of vooraf kennisname van die opvoeder en/of ander partye in beheer van die sportbedrywighede. Sportspanne in die steek laat.
10. Swak gedrag in die openbaar terwyl in skooldrag.
11. Swak gedrag tydens skoolgeleenthede.
12. Tuiswerk afskryf.
13. Vandalisme/graffiti.
14. Afkondigings ignoreer.
15. Vuil taalgebruik.
16. Afknouery.
17. Oneerlikheid (nie ernstige aard).
18. Ontwrig klasse.
19. Krap in maat, medeleerder, opvoeder en/of personeellid se tas, eiendom.
20. Swak sportmanskap.
21. Afbrekende/beledigende opmerkings omtrent die skool en/of sy skoolpersoneel en/of leerders teenoor buitepartye – insluitend bv sosiale media / internet / digitale media.
22. Die versuim om skooldrag volgens voorskrif te dra gedurende skoolure, amptelike skoolfunksies, amptelike skoolsportbyeenkomste en buitemuurse byeenkomste deur die skool aangebied.
23. Enige onbeskofte, astrante of minagtende houding, optrede of woorde deur ‘n leerder teenoor ‘n onderwyser of gesagspersoon - bv Arrogansie, onbeskof, terugpraat teenoor opvoeders, nie-opvoeders
24. Weiering om ‘n redelike opdrag of versoek deur ‘n gesagspersoon te gehoorsaam of aanhitsing van die leerders tot sulke gedrag.

**TIPE OPTREDE**:

- Mondelingse teregwysing word daagliks op die dissiplinêre sisteem aangeteken deur elke opvoeder
- Drie mondelingse teregwysings (9 inskrywings) lei tot detensie.
- Detensie leerders word op ‘n Vrydag in kennis gestel van hul detensie vir die daaropvolgende Vrydag en die ouers word ook gebel deur die kantoor.

**KATEGORIE DRIE-OORTREDINGS**
**(elke oortreding tel -9)**

**SOORT OORTREDING:**

1. Herhaling van kategorie Twee-oortreding
2. Aanranding gewoon (klap, slaan met vuis, skop).
3. Diefstal.
4. Ernstige ontwrigting van skoolroetine.
5. Oneerlikheid tydens toetse en eksamens.
6. Enige opsetlike daad of nalatigheid waardeur ‘n leerder skade aan skooleiendom of eiendom van personeel of medeleerders veroorsaak en/of aanrig.
7. Voorvalle van rassehaat/aanval op ander rasse.
8. Die gebruik van woorde van haat, bespotting of minagting teenoor enige personeellid of leerder. Die oortreding word vererger wanneer dit veral gerig word op die ander persoon se ras, geslag, taal, geloof, herkoms of kleur.
9. Immorele gedrag en godslastering.
10. Besit van pornografiese materiaal.
11. Saam met een of meer leerders oproerig optree of ‘n groep leerders aanhits om hulle oproerig te gedra of skooleiendom te beskadig.
12. Enige daad of dreigement of die funksionering van die skool te ontwrig deur fisiese skade aan geboue, toerusting of ander eiendom.
13. Enige vorm van openbare onwelvoeglikheid.
14. Ernstige bedreiging, ontwrigting of frustrasie van die leer-en onderrig proses in die klas.
15. In die teenwoordigheid wees van persone/leerders wat hulself skuldig maak aan drank- en dwelmgebruik strydig met die gedragskode.
16. Herhaalde oortreding van gedragsreëls en gedragskode.
17. Besit of gebruik van of dreig met ‘n gevaarlike wapen.
18. Poging tot aanranding van enige personeellid/leerder.
19. Enige opsetlike daad of nalatigheid waardeur ‘n leerder, skoolpersoneel of leerders blootgestel word aan beserings of lewensverlies.
20. Ruik na drank gedurende skoolure.

**TIPE OPTREDE**:

- Oortreder word onmiddellik na “time out” lokaal verwys, waar leerder bly totdat sy/haar ouer/s die hoof/ leierspan kom sien.
- Een van die leierspanlede neem leerder na die “time out” lokaal
- Ouers word deur die kantoor gebel
- Leerder bly in die “time out” lokaal totdat die beheerliggaam se Dissiplinêre Komitee die optrede hanteer het en die ouers teenwoordig was
- Leerder verskyn voor hierdie komitee en ontvang skriftelike waarskuwing en is ook outomaties op detensie vir die Vrydag na die verskyning voor hierdie komitee.
- Alle voorregte word ontneem totdat gedrag verbeter het.

**<u>KATEGORIE VIER-OORTREDINGS</u>**
**<u>(elke oortreding tel -27)</u>**

**SOORT OORTREDING:**
**<u>Ernstige wangedrag</u>**

**Onderhewig aan die bepalings van die Wet, sal 'n leerder by 'n skool wat-**

1. gevaarlike voorwerp, alkoholiese drank of onwettige dwelms gebruik het of in sy of haar besit gehad het of verkoop het of versprei het of onder die invloed daarvan is
2. 'n daad van afknouery, aanranding, diefstal, brandstigting of kwaadwillige beskadiging van eiendom pleeg;
3. 'n daad van gruwelike ongehoorsaamheid pleeg of immorele gedrag openbaar;.
4. in besit is of gebruik maak van enige ongemagtigde afskrif van toets- of eksa-menvraestel, of kul, versprei, uitruil, omkoop of poog om enige persoon om te koop ten opsigte van enige toets of eksamen, met die doel om sodoende sigself of enige ander persoon in die posisie plaas om 'n onbillike voordeel te verkry.
5. haatspraak gebruik, homself of haarself skuldig maak aan rassisme, seksisme, seksuele teistering, in besit is van of pornografiese materiaal versprei of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid;
6. die veiligheid van medeleerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig, die skoolprogram ontwrig of die regte van ander skend;
7. homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel te verkry by 'n skool;
8. herhaaldelik skuldig bevind is aan oortredings van die leerdergedragskode; of
9. homself of haarself, volgens die mening van die beheerliggaam, op 'n skandelike,onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra, skuldig mag wees aan ernstige wangedrag.
10. Disrespekvol optree en vuil taal gebruik teenoor onderwysers, skoolpersoneel of mede leerders.

**TIPE OPTREDE:**

- Oortreder word onmiddellik na "time out" lokaal verwys, waar leerder bly totdat sy/haar ouer/s die hoof/ leierspan kom sien.
- Een van die leierspanlede neem leerder na die "time out" lokaal
- Ouers word deur die kantoor gebel
- Leerder bly in die "time out" lokaal totdat die beheerliggaam se Dissiplinêre Komitee die optrede hanteer het en ouers moet teenwoordig wees
- Leerder verskyn voor hierdie komitee en ontvang finale skriftelike waarskuwing en is ook outomaties op detensie vir die Vrydag na die verskyning voor hierdie komitee.
- Alle voorregte word ontneem totdat gedrag verbeter het.
- Skorsing/Uitsetting
- Skorsing beteken om 5 dae in die "time out" lokaal te sit

______________________________

Mac Hendrik Jordaan

VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM